

Die Wordings- en Verwordings-
Geskiedenis van die Koranna.

REDE

BY DIE AANVAARDING VAN DIE PROFESSORAAT
IN BANTOETALE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN
PRETORIA, GEHOU OP WOENSDAG, 23 JUNIE 1937.

DEUR

J. A. ENGELBRECHT, M. A. (Stell.) Ph.D. (Berlyn).



PRETORIA
1937.

Die Wordings- en Verwordings
Geskiedenis van die Koranna.

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT
VAN PRETORIA.

Reeks IV.: Intreeredes, No. 8.

Die Wordings- en Verwordings- Geskiedenis van die Koranna.

REDE

BY DIE AANVAARDING VAN DIE PROFESSORAAT
IN BANTOETALE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN
PRETORIA, GEHOU OP WOENSDAG, 23 JUNIE 1937.

DEUR

J. A. ENGELBRECHT, M. A. (Stell.) Ph.D. (Berlyn).



PRETORIA
1937.

Tenminste soveel is vandag omtrent die Korannavolk bekend dat ons met sekerheid kan beweer dat hulle een van die onderafdelinge van die Hottentotte was; 'n bespreking oor hulle ontstaan, ontaarding en ondergang behoort gevolglik ook rekening te hou met die oorsprong (terloops ook met die volkstrekke) van die Hottentotte as 'n geheel.

Dis 'n probleem wat al baie penne in beweging gebring het; want ouer skrywers het dit meestal onaangeroerd gelaat en volstaan met die aanname dat Hottentotte en Boesmans 'n eenheid vorm. Sonder enige saaklike motivering spreek Arbousset byvoorbeeld van die Namakwa, Koranna en Boesmans as „varieties of the Hottentot,” terwyl ander weer die benaminge Hottentot en Boesman deurmekaar gebruik of eenvoudigweg beweer dat hulle oorspronklik tot dieselfde ras behoort.

Duideliker probeer die bekende sendeling Moffat sy standpunt daarstel en wel deur die formulering van sekere stellings wat hy dan een na die ander elimineer. Hierdie stellings is (i) dat die Hottentotstamme afkomstig is van die Boesmans, (ii) dat die Boesmans 'n aparte ras vorm, en (iii) dat die Boesmans geplunderde Hottentotte is.

Die slotsom waartoe hy geraak, is dat die Boesmans van die Hottentotte afstam; en die verhouding tussen die twee verduidelik hy deur die geval van die Lala en Tzwana. Die Lala was na hom eenmaal statbewoners, maar hulle is uit hulle posisie verdring na die ope veld waarvandaan hulle nou die Tzwana voorsien het van wildsvelle, wilde heuning en eetbare veldvrugte.

Sy mening is dan dat die Boesmans in die oorspronklikker sin verarmde Hottentotte is wat deur die aansluiting van nog meer groepe van Hottentotte vermeerder het. Nog nie so lank gelede nie het ook dr. Vedder, 'n kenner van Suidwes-Afrika, hom op soortgelyke manier oor die vraagstuk uitgelaat.

Hierdie denkrigting is soos dit ons voorkom in spesifieke gevalle beïnvloed deur voorbeelde uit die historiese tydperk toe Hottentotte wat hulle vee verloor en sodoende tot die leefwyse van die Boesmans afgedaal het daarom ook Boesmans genoem is.

Ook die teorieë wat in suiwer wetenskaplike kringe ontstaan het, is gedeeltelik gebaseer op vergelykings tussen Hottentot en Boesman. Dit kan daarom sy nut hê om te sien wat hierdie vergelykinge aan die lig bring; daarby moet alleen onthou word dat wat ook al in vóórhistoriese tye plaasgevind het, definitiewe bewyse voorlê dat binne die historiese tydperk meermale kruisinge tussen Hottentot, Boesman en ook Bantoe plaasgevind het.

Of hierdie verbasterings in die onderhawige gevalle so deurgevoer is om, soos in die geval van die Marsarwa, aanleiding te gee tot reëlregte bastervolkere, dan of alleen van gedeeltelike of sporadiese vermenging sprake is, moet deur die fisiese antropoloog beslis word. Finaliteit kan egter eers dan bereik word wanneer hierdie geleerde ook die resultate van die taalwetenskap en van die volkekunde behoorlik in ag neem, en onder omstandighede moet ook die historikus medeseggenskap in so 'n ondersoek hê.

Wat dus die Hottentot en Boesman betref, moet hulle sowel fisies as kultureel met mekaar vergelyk word om vas te stel watter kenmerke, indien enige, essensieel is aan elkeen of albei; ook moet oorweeg word of die ooreenstemminge die gevolg is van 'n oer-oue verband; verder, watter verskille daar bestaan, of die verskille fundamenteel is of nie, en so meer.

As ooreenstemminge word o.a. aangevoer die gelaatskleur, wyd uitmekaarstaande oë, die peperkorrels en 'n besondere ontwikkeling van die boonste ooglid; dis egter moontlik dat die maksimum ooreenkomste gesoek moet word tussen die Hottentotte en Suidelike Boesmans, en soos ons ondersoek hierna sal aantoon, het met laasgenoemde Boesmans waarskynlik meer as met ander verbastering in historiese tye voorgekom. Beide Hottentot en Boesman lewe verder van jag en voorrade wat hulle in die veld versamel. In die kern is eersgenoemde egter eerder 'n herdersvolk, en omdat hulle beste feitlik die middelpunt is van sakrale plegtighede, verwag ons nie, en kry

ons ook nie aanknopingspunte tussen die seremonies van Boesman en Hottentot nie. Vir die Boesman is plegtigheid waarin die bees 'n rol speel onbestaanbaar met sy bedryfslewe en gevolglik ook die taboevoorskrifte van die Hottentot in verband met beeste en hulle melk. Hierdie verskynsels wys eerder na Noordoos-Afrika heen waar Hamitiese herderstamme met soortgelyke voorskrifte aangetref word. Op persoonlike ondervinding van die Hottentotvertakking waarvoor ons hierna spreek, berus die bewering dat ongeveer in dieselfde verhouding as wat die Boesmaninvloed afneem daar 'n toename is in lengte sodat persone van ses voet en meer hoegenaamd nie 'n seldsaamheid is nie. Dis seer te betwyfel of hierdie verskynsel altyd aan Bantoebymenging toegeskryf moet word.

Verreweg die leersaamste vir die meer oorspronklike verhouding tussen Hottentotte en Boesmans lewer 'n studie van hulle taal. Wanneer ons die tale van die Boesmangroep en daarna dié van die Hottentotgroep ondermekaar vergelyk en vervolgens die een groep met die ander, is daar verskynsele wat so opvallend is dat hulle onmiddellik die aandag tref. Opvallend is vireers dat die band tussen die verskillende Boesmantale soms baie los is, en die variabiliteit van die woordeskat gaan sover dat selfs die name van die mees alledaagse dinge onderling verskil: heel anders is dit byvoorbeeld in die Bantoetale waar diere benaminge vir voorwerpe soos *hond*, *luipaard*, *klip*, *seekoei*, *olifant* byna oral dieselfde is.

Meinhof skrywe hierdie variabiliteit toe aan die lewenswyse van die Boesman wat in teenstelling tot die populêre opvatting g'n nomade is nie omdat hy hom binne sy eie jaggebied, hoe uitgestrek die ook mag wees, beweeg. Hierdeur is die kontak met ander Boesmangroepe prysgegee of tot die minimum beperk en die konserwatisme van die taal ly gevolglik ook daaronder. Gewoonlik word afsondering juis voorgelê as 'n faktor tot behoud van die taal; Meinhof bedoel waarskynlik ook net dat gebrek aan interkommunikasie veroorsaak het dat die Boesmantale elkeen op sy eie manier verder ontwikkel.

Heel anders is die toestand by die Hottentotstamme want hier openbaar sowel die taalstruktuur as die woordeskat groter konstantheid en die Hottentotte van die verskillende afdelinge

kan mekaar sonder veel moeite verstaan. Vergelyk ons egter die tale van die twee besproke groepe met mekaar dan is, wat die ooreenkomste betref, die resultaat bykans negatief. Dis wel korrek dat albei die klapklanke het, dat intonasie by albei 'n belangryke rol speel en dat enkellettergrepige wortels of stamme ook in Hottentots heel dikwels voorkom, dog owerigens getuig Hottentots van 'n veel verder gevorderde ontwikkeling in gedagtegang.

Ooreenkomste in woordeskat of grammatika kan in die meeste gevalle as leengoed bestempel word. Die verhouding van Hottentots tot Boesmans is waarskynlik nie enger as die verhouding van die Oosafrikaanse klapklanktale tot albei nie. Slegs één gevolgtrekking skyn hom voor te doen, naamlik dat die Hottentotte hulle woordeskat met die bepaalde klankeienaardighede wat dit kenmerk, gekry het van 'n bron wat ons hier gerieflikerwyse pre-Boesman sal noem.

Hierby aansluitend kom die wetenskaplike teorie dat die Hottentot die resultaat is van 'n verbastering tussen „Boesmans” en Hamiete êrens in die omtrek van die Groot Mere in Oos-Afrika. Met 'n verdere kwalifisering heet dit dat die basis Boesmans was met alleen Hamitiese bymenging, of dat 'n betreklik geringe aantal Hamiete van die noorde uit ingedring en individue vanuit die Boesmans tot vrou geneem het. Ander verplaas die toneel van die verbastering na Suid-Afrika, 'n mening wat met die oog op die bogemelde gegewens en die volgorde waarin Hottentot, Boesman en Bantoe in Suid-Afrika verskyn, nie baie waarskynlik lyk nie.

Wat die eersgemelde skool 'n aansien gee, is dat hy vir sy hipotese steun sowel op taalkundige as antropologiese en volkekundige gegewens; hy tel gevolglik van die veelsydigste geleerdes onder sy aanhangers. Kennis word o.a. geneem van die feit dat Hottentots sterk oorhel na 'n Hamitiese taalvorm, dat die Hottentotte, nes die Hamiete, 'n herdersvolk is met vee wat baie laat dink aan die van Middel- en Noordoos-Afrika en dat 'n ander stam van Oos-Afrika, die Sandawe, ook klapklanke het, maar dat hulle owerigens miskien eerder Hamitiese as Boesmans-affiniteite vertoon. Ook van die verskynsel van Hottentotse tipes wat deur gesigsvorm of anders die Hamiet

sou verraai, word kennis geneem. Self moet ek konstateer dat ek telkens weer nuwe gegewens gekry het wat op Noordoos-Afrika skyn te wys as die oorspronklike tuiste van hierdie volk.

Vermelding verdien uiteindelik nog 'n ander skool weens hulle opvatting dat die Hottentot die produk is van verbetering tussen Hamiete en Negers of tussen Hamiete en Bantoe. Die voorstanders van hierdie hipotese is meesal nie tegelyk antropolooë en taalkundiges nie: een daarvan, Shrubshall, baseer sy gevolgtrekkings selfs geheel enal op metings aan skelette.

Ook wat betref die rigting of rigtings wat die Hottentotte ingeslaan het op hulle verhuising na die suide toe, loop die beskouings uiteen. Een daarvan gee te kenne dat hulle via die Ooskus gegaan het; hierdie sienswyse is egter nooit met erns gepropageer of gemotiveer nie en saaklike bevindinge spreek ook daarteen. 'n Oorlewering omtrent so 'n immigrasie bestaan by oostelike Bantoesamme nie, en die aanwesigheid van vreemde woorde en klanke, veral klapklanke, by die Zoeloe van Zoeloeland en Natal kan sonder dwang uit ander oorsake verklaar word; buitendien is dit opmerklik dat sulke klanke in 'n ietwat meer beskeie mate aangewend word deur die inwoners van Zoeloeland, terwyl die Natalse spraak meer oorhel na die van hulle bure, die Xhosa. Laasgenoemde het 'n groot hoeveelheid geleen uit die taal van die Gonaqua-Hottentotte wat skynbaar die voorhoede gevorm het van die Kaapse stamme. So bly dan nog oor die skrywers Theal en Stow wat min of meer dieselfde sienswyse verkondig, naamlik, dat die Hottentotte vanuit die omgewing van die meergebiede in 'n suidwestelike rigting beweeg het totdat die Atlantiese Oseaan hulle noop om weg te swaai en langs die weskus suidwaarts te trek. 'n Gedeelte van hulle het sodoende die uiterste suidpunt van Afrika bereik. Hierdie teorie skyn op die oomblik die aanneemlikste ook omdat die relatiewe posisie van die verskillende Kaapse klans en stamme by die aanvang van die Europese nedersetting goed daarmee harmoniseer.

By van Riebeeck se landing was van die verste gevorderde Hottentotte reeds in besit van 'n uitgestrekte gebied in en rondom die Kaap. In die eerste jare van die nedersetting bly die kennis omtrent hulle beperk tot die naasbyliggende klans of

stamme. Van 'n permanente tuiste was daar by die Hottentotte nouliks sprake, en die aanduidings in die bronne omtrent hulle stand op 'n gegewe oomblik is daarom alleen relatief van waarde.

Die eerste met wie die volksplanting in aanraking gekom het, was die Strandlopers (Goringhaikona) onder die „kaptein” Harry. Skynbaar was hierdie handjievul Hottentotte 'n onderdeel van die Caepman (Goringhaiqua of Goringhaina). Reeds vroeg ook het die blanke gemeenskap kennis gedra van die Saldanhars (Cochona of Cochoqua) wat uit twee divisies bestaan het en skynbaar die sterkste was van al die stamme. In die Skiereiland was verder nog die Tabakdiewe (Gorachouqua), die volgelinge van kaptein Chora of Choro; van Riebeeck het hulle getal weerbare manne geskat op tussen 600 en 700. Al hierdie genoemde groepe, d.w.s. Caepman, Saldanhars en Tabakdiewe, was blykbaar nou aanmekaar verwant, en 'n voldoende kennis omtrent die verwantskaps verhoudinge sou meteens ook alle redelike twyfel omtrent die manier van ontstaan van die Koranna kon verwyder het. Dat daar egter 'n nouer samehang tussen die reedsgemelde afdelings was, bewys ons insiens die volgende:—

- (i) Nouverwante groepe het, waar die omstandighede dit toelaat, in mekaar se onmiddellike nabyheid gewoon. Onderlinge twiste, dikwels met bloedige gevolge, het wel meermale voorgekom en mag daartoe lei dat één gedeelte van die stam hom verwyder, maar skynbaar was dit net tydelik of totdat die gemoedere weer tot bedaring gebring is. In hierdie lig moet ons sekere gegewens verstrekk deur van Riebeeck in die memorandum aan sy opvolger, Wagenaar, beoordeel, d.w.s. dat nadat die Tabakdiewe „oorlog” gehad het met die Caepman of Goringhaiqua hulle naby of tussen hulle gaan woon het. Owerigens, soos kaartte ook aantoon, was die Saldanhars, Caepman, Strandlopers en Tabakdiewe in één area gevestig en mekaar se naaste bure;
- (ii) die Caepman en Tabakdiewe word soms in een asem genoem;

- (iii) die bekende tolk Eva was 'n niggie van die Strandloper-aanvoerder Harry, en 'n skoonsuster van Oedaso, kaptein van die Saldanhars;
- (iv) die Kommandeur noem sowel die Caepman as die Saldanhars geallieerdes van Harry. Aangesien die verhouding tussen groepe wat alleen in 'n verwyderde sin met mekaar verwant was, gegrens het aan onverskilligheid of selfs vyandigheid, moet ons hierdie alliansie of verbond opvat as 'n natuurlike, d.w.s. gegrond op onderlinge verwantskap of onderlinge huwelik.

Watter gevolgtrekkinge ons ook al mag knoop aan die bestaande getuienis oor die vier Kaapse groepe, so is wel aan te neem dat die betrekkinge spesiaal tussen die Tabakdiewe en die Caepman van 'n besonder noue aard was, trouens, die beste proefpersoon wat ons ondersoek opgelewer het, verklaar dat alle egte Koranna Hoogstaners, d.w.s. Caepman of Goringhaiqua is.

Die oorsprong van en tegelyk ook die naam Koranna word meer bepaald teruggevoer tot 'n kaptein Khora en hy word soms weer geïdentifiseer met die kaptein van die Tabakdiewe of Gorachoqua. Indien hierdie afleiding toelaatbaar is, dan ontstaan die verdere vraag omstreeks watter tyd die volk van die Koranna hulle beslag gekry het. Behalwe vir 'n paar algemene aanwysings kan hierdie vraag nie beantwoord word nie. In sy getuienis voor 'n kommissie van ondersoek het die blykbaar goed ingeligte Koranna-kaptein Massouw in 1869 verklaar dat die Koranna en die Hottentotte — hy bedoel hier wel die Kaapse Hottentotte — die kinders is van een vader, maar dat die Hottentotte die oueres is. Anneemlik is verder die stelling dat hulle al vóór die optrede van hulle kaptein Khora bestaan het, alleen maar onder 'n ander naam, want die aanvoerder van die Tabakdiewe met wie Khora vereenselwig word, het al gedurende die eerste blanke bewind oor tussen 600 en 700 manskappe beskik.

Oor die voormalige verblyf van die Koranna kan daarenteë geen onsekerheid wees nie. Dit was van Hanto, die aanvoerder van die Taaibos-Koranna dat Arbousset en Backhouse onderskeidelik in 1836 en 1839 verneem dat Kora in die Kaap die Goeie Hoop gewoon het toe die Hollanders daar voet aan

wal sit en dat die Taaibossers sy afstammeling is. Nog 'n dertig jaar verder word feitlik dieselfde verklaar deur die vroeër gemelde Massouw; die getuienis ontvang nog verdere steun van 'n aansienlike aantal proefpersone van verskillende stamme by wie ons om inligting aangeklop het: eenstemmig word deur hulle verklaar dat die Korannavolk in vergange tye in die Kaap verblyf gehad het.

Dit sou te lank neem om die daaropvolgende verhuising van hierdie volk na die noorde in al sy stadia en rigtings te volg, gesteld dat dit wel moontlik was. Bronne verhoog die waarskynlikheid dat die hoof trek deur die Koup en langs riviere soos die Gamka gegaan het, maar tegelyk ook die vermoede dat daar opsplitsing was bygevolg waarvan stamme die Oranje op verskillende plekke bereik het. Soms het aanhoriges van dieselfde eenheid ook heeltemal uiteenlopende wêë gevolg soos blyk uit die aanwesigheid van groepe uit die Caepman gelyktydig by Plettenbergbaai of George en aan die Oranjerivier, en van afdelings van die Katvolk aan Vaalrivier en aan die onder-Oranje.

Hoe verder die Koranna na die noorde toe deurgedring het, hoe meer dikwels hulle in aanraking gekom het met die Boesmans, of Sonqua, soos ouer berigte hulle soms noem. Botsing was onvermydelik — miskien nie soseer oor die skending van grense nie as wel oor die fonteine en waterplekke wat vir die Boesman 'n saak van lewensbelang was. Daar hy nou ook geen onderskeid kon sien tussen jagbare wild en die vee van die Hottentot nie, het dit uitloop op 'n stryd van lewe of dood tussen die Korannastamme en hulle gemeenskaplike vyand; die manlike Boesmans is waar moontlik uitgeroei en die vrouens en kinders meegeneem. Verbastering kon wel nie uitbly nie, hoewel aanvanklik miskien op 'n beperkte skaal. Die opmerking is weleens gemaak dat by die uittog van 'n stam uit sy ou woongebied die jonger mans meesal die vóórtrek vorm; onder hulle is daar dan 'n tekort aan vroue wat daartoe mag lei dat hulle desnoods deur oorlog hulle die vroue van 'n vreemde nasie toeëien. Stow verklaar dat die Koranna van die Middelveld 'n ingewortelde haat teen die Boesmans gekoester het weens die rooftogte op hulle vee en dat wanneer die twee kante in oorlog gewikkel was, genade selde gevra of gegee is; Theal vul dit aan met die opmerking dat die Koranna op hulle

verhuisingstog wel 'n eeu in die binneland vertoef het gedurende watter tydperk hulle ook vrouens van die Boesmans afgevat het. Opmerklik is dit daarom dat 'n bepaalde Kora-klan, die Katse, wat met agterlating van hulle ouer mense in die Middelveld by die vóórtrek aangesluit het, juis onder die eenhede tel wat heelwat Boesmanbloed bygekry het. As gevolg hiervan het die Boesmans twee groepe gevorm, naamlik die Bitterbosse (*Gumtena*) of gebasterde Boesmans, en die stam wat nie bitter is nie (*Kx?au-tama-||?eis*). Opmerking verdien die feit dat laasgenoemde weens hulle betreklike suiwerheid 'n stam (*||?eis*) genoem word, terwyl eersgenoemde weens verbrokkeling van die stameenheid slegs met die onbepaalde meervoudsagtervoegsel - *n(a)* aangedui word. Dieselfde praktyk word ook elders gevolg, so bv. by die Katse en Katte; laasgenoemde was die agterblywendes wat later onder aanvoering van die berugte Klaas Lukas die blankes aan die noordelike grens of die Oranjerivier soveel hoofbrekens besorg het.

Saam het die Katse en gebasterde Boesmans, en waarskynlik nog ander eenhede, daarna opgetrek na Grootrivier, en in die laaste kwart van die agtiende eeu vind ons die Koranna in 'n gebied wat strek van Kheis aan die Oranje opwaarts tot by die sameloop van Groot- en Vaalrivier. Blykens oorlewering het egter ook ander eenhede Boesmanbloed bygekry en die Towenaars en Regshande word veral genoem. Ook die toestand by die Hottentotstamme van Kheis af na die weste toe soos geskilder deur Hendrik Wikar laat vermoed dat hier al veel meer as net 'n toenadering gekom het. Nog gedurende hierdie selfde periode begin die beïnvloeding deur of verbastering met die Bantoe, dog hieroor gaan ons later spreek. By wyse van samevatting mag ons daarom sê dat verbastering tussen die Koranna en die Boesmans gedurende die Kaapse periode waarskynlik slegs sporadies voorgekom het en dat dit vernaamlik tot bepaalde eenhede onder die Koranna beperk was.

By die begin van die tweede of die trans-Oranje periode tree ook ander faktore naas die voornoemdes in werking om 'n verbastering tussen Koranna en Boesmans aan te moedig en te vergemaklik.

Toe die Koranna van die Kats- en Towenaar-klans en met hulle die Bitterbosse by die samevloeiing van Oranje- en Vaalrivier 'n oortog beproef — dit moes nog lank voor

die uitgang van die agtiende eeu gebeur het — ondervind hulle heftige teenstand van die wilde Boesmans aan die oorkant, en volgens Stow is nog twee oorloë gevoer voordat vrede gesluit is; daarna sou die Boesmans onder hulle kom woon, hulle spraak aangeleer en skynbaar ook met hulle vermeng het. Hierdie laaste is, soos ons ook elders aangevoer het, enigsins merkwaardig omdat welgestelde en kragtige Koranna-groepe oor die algemeen hoogharteriger en trotser was as ander bygevolg waarvan hulle met veragting neergesien het op die sukkelaar-Boesman. Die oplossing moet waarskynlik in die sterk sinlike natuur van die Hottentot gesoek word, en omdat sy drang sterker was as sy weersin, het die Boesman vir hom wel 'n aantrekking gehad.

Die rigting waarin die grootste verbastering plaasgevind het, soos dit hierna ter sprake kom, bevestig hierdie vermoede. Ook ander faktore soos oorlog en armoede het vermoedelik hiertoe bygedra daar hulle die standsverskille vereffen en die Hottentot laat afdaal het tot die lewenswyse van die Boesman. Aan die onder-Oranje was dit veral die roofbendes van die aanvoerder Afrikaner wat wanorde geskep en die grense tussen stamme en stamme afgebreek het, en na die ooste toe die berugte Jan Bloem wie se aktiwiteite as vrybuiter feitlik sonder weerga is in daardie tydperk. Die bestaande gegewens laat dit voorkom asof Bloem, 'n Duitser van geboorte, omstreeks 1780 sy skip in Tafelbaai verlaat en daarna in die huwelik getree het, vervolgens het hy sy vrou vermoor en na Grootrivier (of moontlik eers na die Vaalrivier) gevlug waar hy 'n Hottentotvrou geneem het. Later vind ons hom in die nabyheid van die teenswoordige Grikwastad en veral in hierdie periode tot by sy dood het hy hom in alle erns toegelê op roofekspedisies waartoe hy Koranna en ander organiseer het. Soos ons elders aangetoon het, was hierdie rooftogte sowel as die van sy seun en opvolger van dieselfde naam belangrik. In die begin was die hoofogmerk blykbaar om vee te buit sodat hulle alleen in 'n geringere mate gemunt was teen die Boesmans, of dan alleen teen diegene van hulle wat vee besit het; meer nog, die kommando's het dikwels Boesmans onder hulle geledere getel, en vanweë gemeenskaplike belange het so wel nog groter toenadering tussen Koranna en Boesmans gekom. Later vind ons selfs gevalle waar Koranna hulle onder die aanvoering van Boesmanhoofde stel, soos in die geval van die

berugte rowerkaptein Skeelkoos van die Vaalrivier met wie oorblyfsels soos die Skerpioen- en Seekoei-Koranna totaal van die toneel verdwyn.

Andersyds het die rooftogte van die Bloems ook die voorbeeld gegee vir ekspedisies waarvan die bedoeling nie was, of nie uitsluitlik was, om vee te buit nie, maar ook om die Boesmans uit te roei, of om hulle—so veral die kinders—gevang te neem; sodoende is van tyd tot tyd Boesmans by die verskillende Kora-gemeenskappe ingelyf. Ook langs ander weë het die Koranna in besit gekom van Boesmans en hieromtrent kan die oorblyfsels van die Koranna nog uitvoerig vertel.

Wanneer die Boesmans nie daarop bedag was om die wild met pyl en boog te vervolg nie, het hy soms miskien 'n week of meer daaraan bestee om ry op ry van vanggate te grawe, en aan hierdie arbeid het albei geslagte deelgeneem. Onder sulke omstandighede was suiglinge alleen 'n las en daarom is hulle tot aan die nek in die sand begrawe en met blare en bossies bedek sodat vreemdelinge hulle nie sou vind nie. In hierdie toestand het die Koranna hulle soms wel gekry en meegeneem om hulle soos hulle eie kinders op te voed. By ander geleenthede is Boesmans in hinderlae gevang en die opgegroeides miskien weer op vrye voet gestel. Hierdie gevange of mak Boesmans was tegelyk 'n middel om die wildes na Korakrale toe aan te lok, verder ook, soos verhaal word, tabak en pypolie waarvan hulle besonder veel gehou het. Mettertyd het die wildes hulle skuheid sover oorwin dat hulle 'n volle dag by 'n Korakraal verblyf hou en miskien allerhande werkies verrig. Hierdie besonderhede geld egter alleen vir stamme soos die Katse wat blykbaar meer vredeliewend was; elders soos in die gebied van die Griekwa-kaptein Adam Kok was daar voortdurend klopjagte sowel deur Koranna as Griekwa gehou en teen die helfte van die negentiende eeu was die Boesmans in sekere dele van die Vrystaat bykans uitgeroei. In Transvaal was die toestande anders: hier was die Boesmans blykbaar nie in sulke groot getalle aanwesig nie en dit skyn of die verbastering merendeels was tussen Koranna en Bantoe.

In die begin van die negentiende eeu toe die sendelinge Kicherer, Kramer en Anderson die verskillende volkselemente aan die Oranje bearbei, lyk die verskille nog onversoenbaar: die Griekwa wat neersien op Boesmans en Koranna, die

Koranna wat uit die hoogte kyk op die Boesmans. Tog verklaar Burchell in 1811 dat die stasies van die Koranna oral deurmekaar loop met die van die Boesmans, en waar eens by die sameloop van Vaal en Oranje die gedenkwaardige geveg tussen die emigrante uit Kaapland en wilde Boesmans plaasgevind het, tref hy toe basters van Koranna, Boesmans en Bantoe aan. Dit tref hom verder nog dat die Boesmans aan die Oranje langer is as die van die Kaapkolonie wat hy—en waarskynlik heeltemal tereg—toeskryf aan verbastering met Koranna. Met die uitbreiding van die bedrywighede van die sending aan Vaalrivier en elders word die stasies die plek waar allerlei volkselemente beskerming soek en die verbastering plant hom ook langs hierdie weg voort. Voorbeelde hiervan is nie nodig nie, veral omdat ons uiteindelik ook nog 'n oomblik wil stilstaan by geslagtelike verhoudings as voorwaarde vir hierdie verbastering.

In 1820 verneem Campbell van die Kora-kaptein Harina aan Vetrivier dat Kora-mans meermale Boesmanvrouens geneem het, maar dat hy hom geen geval kon herinner waar 'n manlike persoon onder die Boesmans 'n Kora tot vrou geneem het nie. As algemene beginsel kan ons hierdie getuienis aanvaar en dit word deur ons eie ondersoek bevestig. Meinhof, wie se ondersoek beperk was tot die Katse, meen egter dat die Koranna nie verbindings met Boesmanvroue aangegaan het nie, maar dat Boesmankinders wat in Korakrale opgevoed is wel onder die Koranna getrou het. So onwaarskynlik as wat die eerste gedeelte van sy bewering lyk, so aanneemlik is die tweede, want sulke aangenome kinders het die naam gekry van die kraal waaraan hulle voortaan sou behoort, en is ook anders op volkome gelyke voet met die lede van die huisgesin behandel.

'n Verdere bron vanwaar die Koranna sowel somaties as kultureel beïnvloed is, was die Bantoe. Die eerste kennismaking met hierdie volk of sy voorhoede, die Thlaping, was aan Grootrivier—na skatting êrens tussen 1750 en 1760. Die Hottentotte het egter reeds eerder kennis van die Bantoe gedra, en het hulle met die algemene naam van Birin of Birip d.w.s. Bokmense, bestempel. Volgens die getuienis van die voorheen vermelde Kora-kaptein Massouw het die Thlaping wat destyds aan 'n takriviërtjie van die Grootrivier, naamlik die Nokannarivier, gewoon het, eerste betrekkinge aangeknoop. Hulle kaptein Mashua het 'n Kora-vrou geneem waardeur die

twee groepe saam by die Nokanna gewoon het. As gevolg van die diefstal deur die Thlaping, het oorlog gevolg en die volksoorleweringe praat van verskeie gevegte aan Grootrivier met die mense van Tao toe o.a. ook 'n hoofkaptein van die Taaibos-Koranna verraderlik vermoor is. Massouw vervolgd dat die Thlaping die onderspit gedelf en gevlug het na Thakonie waar vrede gesluit is en waar hulle toe onder mekaar getrou het.

In 1778 het Hendrik Wikar ongeveer by die huidige Upington 'n bastervolk van Hottentotte en Thlaping aangetref. Die geskiedenis van hulle wording word deur Wikar met sy gewone noukeurigheid verhaal. Dit het vir ons belang omdat die verbastering hier onder soortgelyke omstandighede plaasgevind het as die waardeur die Gqunukwebe van die oostelike Kaapprovinsie hulle beslag gekry het. Blykbaar was in albei gevalle die vaders Bantoe-vlugtelinge wat verbindings aangegaan het met Hottentotvroue. Die les is nie net geleë in die parallele omstandighede nie, maar ook daarin dat aanvanklik wel Bantoe-mans met Hottentotvroue getrou het, terwyl die omgekeerde voorasnog nie voorgekom het nie. Selfs vandag nog het Kora-mans van die ouer geslag 'n sekere afkeer vir Bantoe-vrouens.

Ondanks oorloë en strooptogte waardeur die Bantoe nog verder na die binneland toe terugwyk, het die verbastering tussen Bantoe en Koranna tog sy weg gegaan. Dit het begin deur die voorkeur van die Thlaping-kapteins vir Kora-vrouens en daarna het ook hulle onderdane, as hulle welgesteld was, die voorbeeld gevolg. Proefpersone beweer dat die Thlaping, as gevolg van die herhaalde neerlae wat hulle gely het, die Koranna as vegters baie hoog geskat het, en hulle het gemeen dat die kroos van so 'n gemengde huwelik noodwendig ook dapper moet wees. Uit 'n ekonomiese standpunt was 'n Bantoe-skoonseun vir die Kora ook voordeliger omdat hy dan tien beeste kan eis. Eers nadat die sosiale verkeer enger geword het en bondgenootskappe gesluit is, het die manlike Koranna hier en daar begin aandag gee aan die vroulike geslag onder die Bantoe. Burchell sê hieromtrent die volgende:—

“The number of Bachapins who have taken wives from among the Koras, is not small. This seems to be a prevailing custom with that class who can afford to pur-

chase them . . . On the other hand, the Koras as if to counter-balance this irregularity, are equally unpatriotic in their choice and often select their wives from the Bachapins."

Teen 1828 het die meeste Thlaping weens herhaalde oorloë of strooptogte teen hulle uitgevoer Koeroeman verlaat. Een gedeelte onder Mahura het in noordelike rigting getrek en uiteindelik by Taungs 'n tuiste gevind; 'n ander gedeelte onder Motebe of Mothibi het in die buurt van die samevloeiing van die Harts- en Vaalrivier gaan bly. Motebe het met 'n Kora-getrou; meer nog, hy en sy broer Moleme het self 'n Kora-moeder gehad. Ook in die Transvaal het dergelike huwelike voortgegaan; sodoende het Mahura die skoonseun geword van die Taaibos-kaptein Massouw, en Matlabane, 'n kafferkaptein ook van Taungs en 1846 aan Vaalrivier, die skoonseun van die Links-kaptein Gert by Bloemhof.

Tussen die verdrywing van die Rolong-volk uit Taungs en hulle vertrek na die gebied van Moshesh in 1834 het hierdie stam op verskeie plekke gewoon, so bv. aan die Vaal- en Modderrivier. Onder baie van hulle, nes onder die Thlaping ook, was die armoede by wyle so groot dat, soos die sendeling Broadbent vertel, kinders by die Koranna verhandel is vir voedsel. Bantoe kinders het egter ook deur oorlog en roof in hulle besit gekom, so o.a. aan die Caledonrivier en in die suidelike en suidoostelike Vrystaat. Oor die geskiedenis van hierdie gebeure heen staan veral die naam van Piet Witvoet, 'n Kora-kaptein van Bethanie in rooi letters geskrywe. In 1839 was daar reeds 'n groot aantal Tzwana-afstammeling van krygsgevangene in diens by die Bethanie-Koranna. Mettertyd was daar ook 'n instroming van Sotho en Tzwana uit ander dele, en teen 1855 was die Bantoe hier selfs ver in die meerderheid. Dis waarskynlik dat ook langs hierdie weg die verbasteringsproses aangehelp is. 'n Ander streek wat sy kwota bygedra het, was die van Moshesh waarheen Taaibos-Koranna saam met die Rolong-kaptein Moroko in 1834 verhuis het.

Teen die numeriese oorgewig van die Bantoe hier en in die noorde, kon die Koranna dit uiteindelik nie meer volhou nie: 'n gedeelte het in oorloë omgekom, 'n ander gedeelte is op vreedsame wyse, soos deur huwelik, deur die donker volks-

massa opgeswelg. Wat buite sy bereik geblyk het — daarvoor het die Griekwastaat met sy bonte mengelmoes van Griekwa, baster-Hottentotte en Boesmans, verder die Vrystaatse Griekwa-regering en ten slotte die beskawing met sy vuurwapens en vuurwater gesorg. 'n Powere oorblyfsel was dit wat byna tot aan die begin van die twintigste eeu in geïsoleerde groepies in hulle ou tuistes aan die Oranje-, Harts- en Vaalrivier bly woon het. Vandag bedra die grotendeels verbasterde afstammeling van die hele Korannavolk miskien nie eens 'n tweeduizend nie.

Hiermee het ons feitlik aan die einde van ons bespreking gekom. In die loop daarvan het ons probeer aantoon dat die Koranna 'n vertakking, en daarby blykbaar 'n jonger vertakking is van die Hottentotte wie se ontstaan in die beste wetenskaplike kringe toegeskryf word aan 'n vermenging van Hamitiese en „Boesman“-elemente. Vervolgens het ons probeer aantoon dat op die inisiatief van Koramans in die een geval en van Bantoe-mans in die ander, nuwe bande gesmee is; uiteindelik, dat onder druk van hierdie volksvreemde elemente en ander faktore die volkseenheid totaal verbrokkel en die Koranna self heeltemal ten gronde gegaan het.

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN
PRETORIA.

Reeks IV : Intreeredes.

- No. 1. KRITZINGER, M. S. B.—
Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde as Studievak aan
die Universiteit van Pretoria.
- No. 2. DUMINY, J. P.—
Die Wiskunde en Filosofie.
- No. 3. SKAWRAN, P. P.—
Die Sintetiese Studie van die Persoonlikheid.
- No. 4. GEY VAN PITTIUS, E. F. W.—
Vloksregering met Besondere Verwysing na S.A.
- No. 5. COERTZE, L. IGN.—
Watter Regsisteesem Beheers die Verhouding tussen Ower-
heid en Onderdaan in die Unie, Romeins-Hollandse Reg
of Engelse Reg?
- No. 6. BOKHORST, M.—
Kultuur van 'n Waterland.
- No. 7. VILJOEN, S. P.—
Die Voortbestaan van die Blanke ras.